

Skriflesing: Prediker 12: 1- 7; Lukas 2: 22-38Teks: **Lukas 2:37b**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 103: 1, 8****TYDENS EREDIENS- Ps. 71:1, 11; Ps. 72:1,3; Ps. 92:1,7; Ps. 90:6,7****Prediker 12: 1- 7****Ecc 12:1** Dink aan jou Skepper in jou jong dae voor die swaar dae kom, die jare aanbreek waarvan jy sal sê: "Ek het daar niks aan nie."**Ecc 12:2** Dit is die tyd wanneer die son donker sal word en ook die daglig, die maan en die sterre, die tyd wanneer dit weer bewolk word ná die reën.**Ecc 12:3** Dit is die tyd wanneer die wagtters van die huis sal bewe, die sterk manne waggel en die malers ophou maal omdat hulle min geword het, die tyd wanneer dit donker word vir dié wat deur die vensters kyk,**Ecc 12:4** wanneer die deure na die straat toe toegemaak word, die geluid van die meul dof word, die tyd wanneer 'n mens opstaan as die voëls begin sing al hoor hy geen lied meer nie.**Ecc 12:5** Dit is die tyd wanneer hy bang is vir 'n hoogte en vir alles op die pad skrik, die tyd wanneer die amandelboom in bloei staan, die sprinkaan homself moeisam voortsleep en die kapperkruid nutteloos word, die tyd wanneer die mens na sy ewige woning gaan en dié wat treur, op die straat rondgaan,**Ecc 12:6** die tyd wanneer die silwerdraad afgebreek word en die goue kruik breek, die kruik by die fontein stukkend breek en die wiel by die put stukkend val,**Ecc 12:7** die tyd wanneer die stof na die aarde toe terugkeer soos dit was, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.**Ecc 12:8** Alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks.**Lukas 2: 22-38****Luk 2:22** Toe die reinigingstyd soos deur die wet van Moses bepaal, vir hulle verby was, het hulle Hom na Jerusalem toe gebring om Hom tot beskikking van die Here te stel.**Luk 2:23** In die wet van die Here staan immers geskrywe: "Elke eersteling van die manlike geslag moet vir die Here afgesonder word."**Luk 2:24** Hulle het ook die reinigingsoffer gebring volgens die voorskrif in die wet van die Here, naamlik "'n paar tortelduiwe of twee jong duiwe."**Luk 2:25** Daar het destyds 'n man met die naam Simeon in Jerusalem gewoon. Hy was getrou aan die wet en vroom, en het uitgesien na die koms van die Verlosser van Israel. Die Heilige Gees was op Simeon**Luk 2:26** en het aan hom bekend gemaak dat hy nie sou sterwe voordat hy die Gesalfde van die Here gesien het nie.**Luk 2:27** Deur die Gees gelei, het hy opgegaan na die tempel toe. Toe die ouers die Kindjie Jesus bring om vir Hom die gebruikelike bepaling van die wet na te kom,**Luk 2:28** het Simeon Hom in sy arms geneem en God geprys en gesê:**Luk 2:29** "Here, laat u dienaar nou in vrede gaan volgens u woord,**Luk 2:30** omdat my oë u verlossing gesien het**Luk 2:31** wat U gereed gemaak het voor die oë van al die volke:**Luk 2:32** 'n lig tot verligting van die nasies en tot eer van u volk Israel."**Luk 2:33** Sy vader en moeder was verwonderd oor die dinge wat van Hom gesê is.**Luk 2:34** Simeon het hulle geseën en vir Maria, sy moeder, gesê: "Kyk, hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word.**Luk 2:35** So sal die gesindheid van baie mense aan die lig kom. En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan."**Luk 2:36** Daar was ook 'n profetes, Anna, 'n dogter van Fanuel uit die stam Aser. Sy was al baie oud. As jong vrou was sy sewe jaar getroud, en na haar man se dood**Luk 2:37** het sy weduwee gebly. **Sy was nou al vier en tagtig jaar oud.** Sy het nie van die tempel af weggebly nie en het God dag en nag gedien deur te vas en te bid.**Luk 2:38** Juis op daardie oomblik het sy nader gekom en God gedank en oor die Kindjie gepraat met almal wat na die verlossing van Jerusalem uitgesien het.**Skriflesing:** Prediker 12: 1- 7; Lukas 2: 22-38Teks: **Lukas 2:37b**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 103: 1, 8****TYDENS EREDIENS- Ps. 71:1, 11; Ps. 72:1,3; Ps. 92:1,7; Ps. 90:6,7**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- verlede Sondag met die Sondag van verootmoediging was ons verootmoediging 'n groot deel rondom die jeug, die stand van ons jeug en die opvoeding van ons jeug besig. Ons het uit God se Woord gesien hoe tieners wat Elisa gespot het, hoe 42 van hulle deur twee beerwyfies verskeur was. Op grond van dit wat ons ons voor die Here

verootmoedig het, het dit gehandel oor hoe die produk van hierdie kinders se opvoeding die bere uit die bos losgelaat het. Hulle wat Elisa spot met *gaan op, kaalkop, gaan op, kaalkop ...* was in alles meer as net 'n gekoggel van kinders maar het hulle met God se dienaar, God se amp gespot ... hulle het gespot met Elia se hemelvaart waar Elia die één was wat werklik opgegaan het, opgevaar het.

Nou het hulle Elisa gespot en eintlik hulle ouers nagepraat met die ouers se geskinder dat Elisa ook moet opgaan. Met die hoop hulle dat hulle van hom ontslae kon wees. Hierdie jongmense het ons diep voor die Here wou laat buig in die besef ons jongmense in ons land het dit nie maklik nie. Oor die jonges se toestand moes daar ook verootmoediging kom, maar vandag is dit asof ons lewe ook bietjie van die ander kant wil benader. Van die kant van jonk en oud moet daar tot die Here in Christus genader kan word.

Prediker 12 is deel van die wysheid van God wat ons as gelowiges op 'n besondere manier na die lewe laat kyk. Ons moet op die oudag ook na die lewe kan kyk, soos wat twee oumense na die lewe gekyk het, toe Jesus as kindjie in hierdie wêreld ingekom het. Prediker 12 begin met die jongmense met 'n besondere oproep- *Dink aan jou Skepper in jou jong dae voor die swaar dae kom, die jare aanbreek waarvan jy sal sê: "Ek het daar niks aan nie."* En as die oudag kom, die dae wat mense baie keer wil sê – *Ek het daar niks aan nie...* maar ons mag dit nie sê nie. Simeon en Anna sou dit nooit wou sê nie. Tog is Prediker 12 baie diep in die plooi van 'n oumens ingegraveer.

Hoe mooi word alles hier nie in die toestand van wat baie oumense in verkeer uitgebeeld! As ons lees van *die wagers van die huis wat bewe* dan wys dit op die gebewe van die hande. As ons lees van die *sterk manne wat waggel* dan wys dit na die bene wat nie meer maklik loop nie, om trappe te klim is baie swaar. Ja, die sterk manne, hulle wat sterk was, waggel nou. Dit word eintlik 'n hele toestand want sien die Prediker die oumens ook in vers 5 wat soos 'n sprinkaan homself/haarself *met moeite moet voortsleep*. Ook skryf die Prediker van *die malers wat ophou maal*. Dit is die tande wat min en kort geword. Ek moet nou maar met sagte kos daarmee genoeg neem. Dan kom die Prediker by die wat *by die vensters wil uitkyk*, maar dit het donker geword. Die oë word verduister. Ek moet 'n venster voor my venster sit, ek moet 'n bril opsit

om nog darem iets te sien. Dadelik hiermee saam skryf die Prediker van *die deure wat na die straat toe uitgaan is toegemaak*. Die gehoor begin al hoe swakker word. Dis een kant van die swaar en die mense wat ek mee wil praat hoor my ook nie. Dit word nog swaarder. Hulle met wie ek wil praat word al minder. Dis asof die mense van my ouderdom besig is om uit te sterf. Dan skryf die Prediker ook van die geluid van 'n meul wat by my mond uitkom. Waar baie vroeër helder kon praat en dalk selfs mooi kon sing, is dit asof die stem soos 'n meul geword het, waarvan die geruis verswak het en die tone van die lied word al dowwer en dowwer. Daar is nie 'n knoppie wat dit harder kan draai nie.

Hoe baie sukkel die oumense ook om 'n nag te kan deurslaap. Hulle word baie keer in die nag wakker en as die voëltjies begin sing, ai hulle kan hulle nie eers meer behoorlik hoor nie, maar dan staan hulle ook maar op. So sê die Prediker dit- *die tyd wanneer 'n mens opstaan as die voëls begin sing al hoor hy geen lied meer nie*. Baie oumense staan vroeg op, kompleet asof daar 'n groot taak op hulle wag, maar eintlik is so baie mense se verwagtinge dat mense in die jare nie meer veel kan doen nie. En as die mens op sy voete is, hulle is bang vir hoogtes, hulle skrik so maklik, ja sê die Prediker hulle skrik vir alles op die pad. Niemand kan twyfel dat die Prediker het die oue mens in al sy skakerings so pragtig kon opsom. Ja, pragtig want hoe mooi sien hy ook die hare van 'n grysaard, kompleet soos die amandelboom wat in die bloei staan. Tog moet hulle maar pille drink, allerhande rate volg wat die Prediker beskryf as die tyd wat *die kapperkruid nutteloos geword het*.

Liggaamlik het die ouderdom die pad wat die oumens moet volg maar dadelik besef ons geestelik word dinge ook nie vir 'n mens makliker gemaak nie, al is jy al oud. Satan los niemand uit nie, jonk en oud. Baie keer het die oumense te veel tyd en die Satan val dikwels sulke mense aan wat met vaal gedagtes worstel. Dan vind die vader van die leuen 'n goeie teelaarde om 'n geskinder en beswadder van ander mense net nog verder en verder te voer. Dalk sou 'n mens dink dat toe ek jonk was, het ek my kwota van versoekingreeds swaar moes dra maar die duiwel hou nie op om kwaad te saai waar daar kwaad te saai is nie.

Geestelik word die oue mens baie keer ongeduldig, selfsugtig, raak met alles ontevrede. Jonger mense loop onder hulle tonge deur en dit is nie maklik om met hulle saam te leef nie. En die

duiwel doen nog wreder dinge. Die ding dat 'n oumens dink hy/sy is net oorbodig en kan nie meer vir ander tot nut wees nie. Nie eers vir God nie. Watter gevaarlike en vernietigende gedagtes wat die duiwel in die oue mens se kop wil kom plant.

Dan besef ons vandag ek kan na twee oue mense in die Nuwe Testament stap en in hulle lewe het ook alles gebeur wat Prediker 12 in hulle lewe 'n werklikheid sou maak. Maar hoe kosbaar het God hierdie twee oue mense in sy Woord nie vir ons gemaak nie. Simeon en Anna. Simeon weet ons nie presies hou oud hy al was nie, maar dat hy ook al baie oud was, is duidelik. Anna se ouderdom is vir ons uitgespel. Sy was al 84 jaar oud. Vir 'n oue mens in daardie tyd was dit 'n baie baie hoë ouderdom! Anna was 'n dogter uit die stam van Aser. Dit vat haar vêr terug as deel van die twaalf kinders van Jakob, sy kom uit die stam Aser. Hoe belangrik is die verstaan van die verbond met die verstaan van geskiedenis in verband. Wie nie geskiedenis beskryf en waardeer nie verstaan bitter weinig wat die verbond ook vandag nog vir ons beteken. Die woord Aser beteken *om gelukkig te wees*. Anna sou daardie dag in die tempel iets van die geluk kon smaak wat haar eerste voorvader sy naam dit uitgespel het. Anna se pa se naam het ons ook gelees was *Fanuel*. *Fanuel* is die Griekse woord vir *Pniel*. Dadelik is ons weer terug by vader Jakob. Hy het 'n hele nag in die Jakkob rivier met God geworstel en toe hy die oggend daardie plek moet benoem, sy heupsening is afgeslaan, die res van sy lewe sou hy mank moes loop, maar Jakob doen die merkwaardige. In sy worsteling het hy besef ek kan nie anders as om die plek Pniel te noem nie. Pniel wat beteken *ek het God gesien*. Anna sou daardie dag in die tempel toe sy die kindjie vir die eerste keer kon sien, ook iets moes kon uitspreek ... *ek het God gesien*. Eeue oue name en profesieë tree in vervulling. Dis besonders hoe God se Woord werk.

God het hierdie twee oue mense vanoggend ook hierdie kerk ingebring met die wete hulle kan ons van die mooiste en grootste dinge in die lewe kom wys en vertel wat andere hulle nie sommer sou kon nadoen nie. As 'n oue mens dink ek beteken nie meer veel vir die kerk en vir wat God van my verwag nie, dan moet so 'n mens weer herbesin. Kyk na Simeon en Anna se besondere waarde in God se koninkryk. Om te kon wag en dan ook te mag getuig hoe groot hulle verwagtinge in hulle wagtyd dan ook kon wees. Dis 'n voorreg om te wag en jou verwagtinge dag vir dag nie net in te wag nie, maar dit ook deel van die doel van jou lewe te maak.

Dis asof God hierdie twee oue mense op 'n besondere manier wou gebruik wat God juis nie jonger mense op so 'n manier sou kon gebruik nie. Dit was tweé mense wat instrumente in God se hande was waarmee God die heilige vuur van verwagting in ander jonger harte brandende gehou het. So sou Simeon en Anna gereeld na die kerk van hulle tyd, na die tempel wou kom, aanmekaar kon bly praat van hoe hulle ook wag dat die dag gaan kom dat die Messias daar gaan wees. Ja, die wagters bewe en die sterk manne is nou al regtig krom maar dis nie vir hulle 'n verskoning om nie meer kerk-toe te kom nie. Die geluid van die meule is ook al baie dof maar Anna sou wou sing al was haar stem dalk al hoe hees.

En kyk ons na Simeon en Anna, die twee oumense afsonderlik, dan gebeur hier wonderbaarlike groot dinge. Die dag het aangebreek wat die timmerman en sy vrou met die kindjie in hulle hande die tempel ingekom het. Tog was die twee oue mense se swak oë wel sterk genoeg om te sien Wie die kind werklik is. As die oue Simeon dan eerste praat dan lê hy swaar woorde op Maria se gemoed neer. Eers sê Simeon wonderlike dinge ... 29 *“Here, laat u dienaar nou in vrede gaan volgens u woord, 30 omdat my oë u verlossing gesien het 31 wat U gereed gemaak het voor die oë van al die volke: 32 'n lig tot verligting van die nasies en tot eer van u volk Israel.”* Tog moes Josef en Maria ook sware dinge hoor. Wie preek, wie profeteer mag nooit mense na die gehoor spreek nie. Alles wat gehoor moet word, moet ook gesê kan word. So gaan Simeon se boodskap voort - *“Kyk, hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word.35 So sal die gesindheid van baie mense aan die lig kom. En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan.”* Ons kan aanvaar die jonge Maria se gemoed sou onder die sware woorde van Simeon kon meegee. Ons kan aanvaar Maria sou nooit hierdie sware woorde ooit in haar lewe kon vergeet nie.

As Maria die sware woorde beswaarlik sou kon aanhoor dan bring die Here die oue Anna na vore en wat doen sy, sy sing eintlik 'n lofsang. Niks wat die gemoed weer só sou kon optel as om die woorde van hierdie besondere vrou te hoor nie. Hiermee saam het sy ook *God gedank en oor die Kindjie gepraat met almal wat na die verlossing van Jerusalem uitgesien het.*

Vandag beseft ons hierdie tweé Prediker 12 mense was Jesus se eerste getuies gewees toe Hy die kerk van sy tyd kon inkom. Nie jongmense, mense wat dink hulle is meer geregtig om die

belangrikste getuies te wees van Hom wat waarlik oor getuig kon word. Ons kan sekerlik aanvaar Maria sou haar kind na sy mensheid ook baie gou van hierdie twee mense se optrede die dag in die tempel kon vertel.

Na sy godheid sou Jesus waarlik weet wat is dit wat die dag gebeur het as Hy dan later deur dit alles moet gaan. Deur dit wat Simeon geprofeteer het en wat Anna die besonderhede net nog duideliker gemaak het. Ons kan seker selfs die vraag vra hoe dikwels sou Jesus se gedagtes nie ook wees by wat hierdie twee oumense se gedagtes daardie dag ook was nie. Hulle wat die eerste indrukke van sy eintlike roeping op aarde al so duidelik uitgespel het toe geen ander mens nog behoorlik geweet het wat waarlik aan die gang is nie.

Ons beseef vandag, jonk en oud, God se woorde, God se daede moet uitgedra en verkondig word. Daar is geen ander doel vir die Kerk op aarde enkel en alleen om tot eer van God in diens van sy Christus te staan. As 'n Kerk 'n ander doel wil dien dan is dit geen ware kerk meer nie. En hoe het hierdie twee mense die ware doel van hulle kerk-wees verstaan en kon uitleef al was hulle albei al baie oud. Ons moet die wese van die bestaan van ons kerk-wees nie op 'n ander plek wil gaan soek as waar hulle twee dit gesoek het nie. Omstandighede in ons land, ja omstandighede in 'n oumens se lewe werk dikwels verswarend op mekaar in. Dan kan die ouers daarin slaag om baie te kla, ondankbaar, ongeduldig te wees. Dinge waarvoor ons almal begrip moet hê.

Tog watter pragtige getuienis gaan nie uit as juis 'n oue van dae getuig van God en sy genade. As liefde u uitstraal en u u kruis tog nog wel met blymoedigheid kan bly dra. U geloofsmoed aan die dag lê, u die Here in sy erediens so gereeld as moontlik wil ontmoet, u u dankbaarheid bly betoon. Ja om eerder mense nader aan u te wil trek as om hulle te wil afstoot. Ek nie myself aanmekaar die onderwerp van die gesprek maak nie, maar van God se werke bly getuig, dan is u kerk daar waar u is. Waarlik dan 'n getuie van God wat God ook in sy diens wil gebruik. U word dan navolger van Christus en so 'n duidelike voorbeeld vir so baie ander. Hoe baie het jongmense dan nie in die opsig by die ouer mense te leer nie. In hulle voorbeeld, in hulle woorde, in wat werklik vir God belangrik is.

Ons besef dit was so 33 jaar later na Simeon en Anna se woorde en getuienisse, toe moes Jesus voor die Sanhedrin verskyn. Daar was niemand wat vir Hom wou getuig nie. Die twee oue mense op 'n manier nou al lankal vergete ... dood en begrawe. Tog kon niemand hulle woorde en getuienisse ondergrawe nie. Prediker 12 het by Lukas 12 uitgekome. Aangrypend! As ons Lukas 12 vers 8 lees het Jesus hierdie besondere woorde uitgespreek - 8 *“Ek sê vir julle: Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook openlik uitspreek voor die engele van God.9 Maar hy wat My voor die mense verloën, sal voor die engele van God verloën word.*

Al was Simeon en Anna, Prediker 12 mense, het hulle ook Lukas 12 gelowiges gebly. Tot op hoë ouderdom het hulle bly doen wat God ook vandag vir jou en my in sy kerk verwag. Om jou openlik uit te spreek oor wat jy weet God in jou en my lewe van ons verwag. Om God se Heilige Gees om hierdie gesindheid, krag en ywer te bly bid en Hom daarvoor te vra. Ons wat ook besef die belangrikste werk wat enige mens kan doen, wat hy/sy moet bly doen, is om vir die Here en sy kerk wat sy eer moet uitdra, te bly bid. God se koninkryk te bly soek, waarvoor geen gelowige te swak kan wees nie, al is hy/sy al oud. Ja, die Prediker 12 draadjie, die laaste draadjie lê ook nog vir ons voor. Ons het baie uit Prediker 12 gehaal, maar ons het nie gepraat van die *silwerdraad wat verwyder word* en die *goue oliekruike wat stukkend val by die fontein nie*. Ook die put se wiel val stukkend in die put. O hoe verganklik is die lewe tog nie, al hou ons ons dikwels so sterk. My en jou silwerdraadjie, ons goue kruike, die wiel by jou en my put gaan ook breek, gaan ook val die dag as ons sterwe. Mag ons sterfdag nie anders wees as toe Simeon en Anna gesterf het nie. Simeon het dit sterk gestel- 29 *“Here, laat u dienaar nou in vrede gaan volgens u woord, 30 omdat my oë u verlossing gesien het ...* Hoe wonderlik om in hierdie sekerheid te mag beleef hoe jou silwerdraadjie breek, jou goue kruike val, jou aardse wiel nie meer nodig is nie.

AMEN